# *Kerkinwyding te Coligny*

## 'N HEUGLIKE DAG VIR DIE GEMEENTE.

Deur Ds. M. J. du Preez.

Op 13 Februarie j.l. het die inwyding van ons nuwe kerkgebou, tydens die Ringsitting alhier, plaasgevind. Al die Ringsbroeders was teenwoordig. Besonder aangenaam was dit ook om in ons midde te hê Ds. R. Theron, vorige leraar van die gemeente, asook Ds. K. T. van den Heever, vroeër van Ventersdorp. Ds. Theron het die wydingsrede uitgespreek, wat diepe indruk gemaak het. Tussen die 15 en 1600 mense was teenwoordig. Sondagmôre het sowat 700 mense aan die Nagmaalstafel aangesit. Uit newensgaande portret kan die leser die gehalte van die gebou beoordeel. Die plan is ontwerp deur die bekwame argitek, Mnr. Gerard Moerdyk. Die gemeente is hom innig dankbaar. Die gebou bevat 800 sitplekke. Gelyk die uiterlike so ook is die inwendige van die gebou—baie sierlik. Die meublement is van kiaathout. Die orrel, wat £1,280 kos en die gif is van die susters van die gemeente, is opgerig deur die firma Müller, Kaapstad, en is nie alleen 'n versiering vir die gebou nie, maar is in klank en tone 'n volkome sukses. Mnr. H. C. de Kock, orrelis van die gemeente te Pretoria, het dit bespeel en 'n welgeslaagde orreluitvoering gegee. Sy spel het die skare waarlik betower. Die gebou, alles ingesluit, kos £10,300 en is so te sê betaal.



*Die nuwe kerk met die ou gebou daar langsaan.*

Sondag werd Nagmaal gevier. Die prediking was ernstig en sielverheffend. 'n Grote koor, onder leiding van Mevr. du Preez, het skone liedere op bekwame wyse gesing. Alles het goed van stapel geloop. "Niet ons, o Heer! niet ons. Uw Naam zij al de eer."